

Insek- en swamskade kan voorkom word

Dr. Philip Botha. Outeniqua Proefplaas, George

Peulgewasweidings soos lusern en klawers in suiwer stande of in mengsels saam met grasse vorm die basis vir lae koste melkproduksie in die Suid Kaap. Hierdie gewasse is smaaklik en kan voorsien aan die voedingsbehoefte van hoë produserende diere. Insekte (swart sandmyt en erdvlooi) en grondgedraagde swamme (Pythium) veroorsaak egter jaarliks groot skade aan nuutgevestigde peulgewasweidings. Gewoonlik ontkiem die saad goed, maar na 'n paar dae "verdwyn" die saailinge en word groterwordende kaal kolle opgemerk. Vroeër is dikwels hierna verwys as "verdwynsiekte". Om dit te voorkom moet die saad voor saai met chemiese middels behandel word.

Vir beskerming teen sandmyt en erdvlooi word die saad met 'n middel behandel wat dimetooat bevat. Dit word gedoen deur in 'n goed geventileerde vertrek 280 ml Dimetooat met 1,5 liter water te meng en dit oor 45 kg saad te sprinkel. Daarna word die saad in die koelte gedroog. Die saad word na droging in die oorspronklike saadsak (nie in plastiek sak) geplaas waarna dit vir minstens 8 dae moet "rus" voor dit met Rhizobium bakterië geënt word. Hierdie behandeling beskerm die saailing vir 4 tot 5 weke na opkoms. Na opkoms verleen 'n bespuiting van 40 ml ometooat per ha, opgelos in 150-200 ml water, verdere beskerming tot die eerste beweiding (gewoonlik 8 – 10 weke na opkoms). Indien die saad nie behandel word nie, moet die weiding onmiddellik na opkoms met 40 ml ometooat per ha of 100 tot 150 ml dimetooat per ha gespuit word.

Lusernsaad behoort ook teen swamsiektes (veral Pythium) behandel te word. Behandeling is as volg: Agt dae na die dimetooat-behandeling teen insekte word die saad met die swamdoder APRON XL behandel. Dit word gedoen deur 50 ml APRON XL by 'n 1000 tot 1500 ml water te voeg en daarna oor 'n 100 kilogram saad te sprinkel. Meng die saad daarna deeglik in 'n menghouer. Sodra die saad droog is kan dit geënt en daarna so gou moontlik gesaai word. Vir verdere inligting skakel 044-8033700 of besoek Outeniqua Proefplaas.